DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin



**13 Maart 2022**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Hebreërs 9: 11 - 22 |
| **Tema** | Nagmaal teken af: Christus se bloed is ons lewe |
| **Sang** | Psalm 149: 1, 2<br>Skrifberyming 2-4: 3<br>Psalm 130: 1, 2<br>Skrifberyming 17-3: 1, 2<br>Psalm 23<br>Psalm 116: 7, 10<br>Skrifberyming 10-2 |

Die skrywer verplaas ons, weg van die tabernakel met sy simboliek, hoe indrukwekkend dit ook al was, tot waar ons saam met ons ware Hoëpriester, ons Here Jesus Christus, tot reg in die troonkamer van God sal stap. Daar staan ons Hoëpriester voor God, nie met die bloed van diere nie, maar met sy eie bloed. Hierdie bloed is gestorte bloed; dit is bloed wat deur die aarde opgedrink was; die bloed van versoening. Bloed wat ons skuld afwas en uitdelg; Bloed wat die prys wat ons moes betaal, reeds betaal het. Bloed wat ons verpligtinge nagekom het, m.a.w. Sy dood in die plek van my dood. Dit het die betekenis van boetedoening, versoening. Christus is die Versoening vir ons sonde. Hy het die prys van ons sonde gedra en ons is nou vry. Kan u vanoggend met sekerheid sê dat u glo dat u vrygemaak is deur die kosbare bloed van die Lam?

Hierdie bloed bring nie net tydelike verlossing nie. Nee, hierdie verlossing is vir eens en vir altyd. Dis ewig! In die ou verbond moes die bloedoffers eindeloos herhaal word, en kon die priesters net die heiligdom betree. Die allerheiligste was slegs een keer per jaar toeganklik, en dan net vir die hoëpriester. Hy moes vooraf deur reinigingsrituele gaan. Die nuwe bedeling in Christus is soveel heerliker. In verse 11-12 word gesê dat Christus as finale Hoëpriester die ewige versoening afgehandel het, en vir eens en vir altyd in die groter en finale verbondstent in die hemel ingegaan het. In verse 13-14 word gesê die offers van die ou verbond het mense uiterlik rein gemaak, nou maak die bloed van Christus ons innerlik skoon omdat dit ons gewete van dooie werke bevry, sodat ons die lewende God kan dien. Christus se werk as Hoëpriester gaan dus beide hoër en dieper as die bloed wat vergiet en besprinkel is onder die ou verbond: Dit gaan hoër want Christus het deur sy eenmalige offer in die volmaakte verbondstent (11), die hemel self (24), ingegaan om namens ons voor God te verskyn. Dit gaan dieper want dit reik na die diepste elemente van ons bestaan, tot by die reiniging van ons gewete en van dooie werke (53 vertaling) vers 14: "... hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien."

Jesus het gesê dat Hy mag het om sy lewe af te lê en ook weer op te neem. En dit is hierdie lewe wat Jesus ingedra het tot by die genadetroon van God en waar Hy vir ons versoening gedoen het en nou vir ons intree as ons Middelaar. Dien Hom in oorgawe en versterk vandag jou geloof aan die tafel van genade.

# OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir Johan van Biljon wat die afgelope maande deur ‘n swaar tyd met sy gesondheid gegaan het. Ons dank die Here dat hy na die hartoperasie soveel beter is. Hy kry elke dag 4 keer dialise wat hom baie moeg maak. Ons bid vir Annemarie wat hom bystaan en ondersteun.

* Ons bid vir Ben Bronkhorst wat Woensdag ‘n hartklepvervanging ondergaan. Seën vir jou en Sarie.

* Ons bid vir tannie Ans vd Walt wat swak is en in Limcare versorg word. Ons dink ook aan die familie met die versorging.

* Ons bid vir Theuns Botha wat in Pretoria in die hospitaal opgeneem is en chemoterapie ondergaan. Ons dink aan Annetjie, ma Rykie en die familie in die moeilike tyd.

* Ons bid vir Shawn en Annemarie Koemoer met die tweeling wat nog in die hospitaal is. Ons is dankbaar dat hulle groei en gesond is. Sterkte vir julle in die tyd.

* Antoinette Sauerman en Corrie Coetzee is steeds op die krukkelys na hulle operasies aan die hand en arm. Seën vir die herstel.

* Ons bid vir Tialeen Venter wat Dinsdag ‘n operasie in Pretoria ondergaan.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 13 MAART

**Diensbeurt:** Wyk P

**Ouderling:** **Francois Lessing**

**Katkisasie:** Geen

**Diaken:** **Antonie Weideman**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

# TEESKINKBEURTE



**13 Maart 2022**
**Geen tee of koffie sal bedien word nie**

**20 Maart 2022**
**Rita Du Plessis**
**Lilian Ferns**
**Annaleen Grobler**
**Elaine Grobler**
**Hannelie Kruger**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 13 Maart | 09:00 & 11:00 | *Kerk* | Nagmaal |
| 14 Maart | 18:00 | *Kerk* | Finanskommissie |
| 17 Maart | SKOLE | *SLUIT* | |



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 13 Mrt | **Sandra Venter ***<br>Theuns Du Preez | **75**<br>36 | B<br>B | 0267 7832 5923<br>064 549 7520 |
| Di 15 Mrt | Kobus Coetsee | 56 | B | 083 626 8612 |
| Vr 18 Mrt | Jan Keyser Albertyn | 17 | D | 083 626 8612 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| Di 15 Mrt 1986 | Joggie & Hannelie Krüger | 36 | 082 856 8509<br>082 967 9003 |

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Here, U is my lewe, U sorg vir my.
Wat ek ontvang, kom alles van U af.
'n Pragtige deel is vir my afgemeet,
ja, wat ek ontvang het, is vir my
mooi.**

**Psalm 16: 5 & 6**

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Twee van die gemeente se seuns is gekies om vir hulle skool (Suid Skool) se onder 9 & 10 rugby spanne te speel.

Die skool gaan vanaf 16 tot 18 Maart 2022 op ‘n rugbytoer en die koste beloop R 1 500 per speler.



Ons vra die gemeente om asb te help met skenkings om die twee seuns instaat te stel om ook die rugbytoer saam met hulle spanmaats mee te maak.

# KERKKANTOOR

Lidmate moet asb kennis neem dat die volgende rye spesiaal **gereseveer is vir ouers MET babas en kleuters.**

**Die ry reg voor die konsistorievenster, ry 21 (aan die linkerkant vd kerk), dan ook die lang ry voor die gordyn asook die heel agterste ry teen die muur en dan ook ry 14 (aan die regterkant vd kerk).**

**Kleuters is kinders wees wat nog nie in die skool is nie.**

Almal se samewerking word waardeer. Ons dat **NIEMAND** anders op daardie banke sal sit nie. **BAIE DANKIE !!**

# KERKRAAD

Ter approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as diaken:

**Diakens:**
Thinus vd Walt
Corne v Greunen

Voorstelle van die gemeente kan ook gemaak word , deur broers en susters te benoem om as ouderling of diaken dienswerk binne die gemeente te doen.

# GK Pietersburg Susters Padkafee




Die tyd het weer aangebreek vir ons Padkafee.

Ons kerkgebou word weer omskep in 'n Padkafee van ouds, en vanaf **18:00 op Vrydag, 22 April 2022,** staan ons vriendelike kelners en bekwane kombuispersoneel gereed om u bestellings te neem en voor te berei.

**Op die spyskaart is:**

*Hamburgers & Skyfies @ R40*

*Melkskommels @ R20*

**Op die kennisgewingbord is 'n lys aangebring waarop julle asseblief u naam moet invul indien julle saam gaan kom kuier en eet.**

Die afgelope paar jaar het ons oorweldigende reaksie uit die gemeente ontvang in verband met donasies vir die Padkafee! Baie dankie vir julle hulp en ondersteuning, daarsonder sou hierdie funksie nooit 'n sukses gewees het nie. Ons het asseblief weer julle hulp nodig.

**Die volgende is bestanddele wat ons nodig het vir ons Padkafee:**

30l Langlewe Volroom Melk
10 x 5l Roomys
± 2 Kassies Tamaties
± 7 Koppe Blaarslaai
20 Dosyn Hamburgerbuns
Enige kontantdonasies is ook welkom.

**Dui asseblief op die kennisgewingbord aan waar julle graag wil help.**

**Ons hoop om saam met elkeen van julle te kuier by ons Padkafee op 22 April 2022, vanaf 18:00**

**Preke, dagstukkies en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

***Hoeveel te meer sal die bloed van Christus ons gewete bevry van die las van dade wat tot die dood lei, sodat ons die lewende God kan dien! Hiervoor het Christus immers Homself as volkome offer deur die ewige Gees aan God geoffer.***

***Hebreërs 9: 14***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS